SA WATERBULLETIN

Nuusbrief van die Waternavorsingskommissie
Newsletter of the Water Research Commission

AUGUST/AUGUSTUS 1982

Vrugte- en groenteïnmaak:

WATER ONDER DIE LOEP

Die Waternavorsingskommissie het 'n kontrak met 'n firma konsultingenieurs aangegaan met die doel om die watergebruik in vrugte- en groenteprosesseringsfabrieke te optimiseer en 'n praktykskode vir gebruik in dié nywerheid te ontwikkel ten einde water te bespaar en besoedeling te minimiseer.

Die firma, Binnie en vennote, het 'n opname gemaak van die watergebruik en uitvloeiselgenerering by 38 vrugte- en groenteprosesseringsfabrieke wat gesamentlik meer as 67 000 ml water/jaar gebruik en meer as 50 000 ml uitvloeisel/jaar stort terwyl 870 000 t vrugte en groente per jaar verwerk word. Die uitvloeisels bevat meer as 13 900 t chemiese suurstofbehoefte en 2 340 t gesuspendeerde vaste stowwe; 'n verdere 300 000 t vaste afval word jaarliks gegenereer.

Die opname het getoon dat die soortlike waterverbruik van fabriek tot fabriek wat dieselfde produk vervaardig, grootliks wissel en dat 'n groot daaglikse skommeling ook waarneembaar is. Waterverbruik het van 1,1 kl/t geprosesseerde sitrussap tot 52 kl/t bevrore ertjies gewissel. Die grootste skommelinge in waterverbruik is by peer- en perskeprosessering aangetref waar verbruik van 4,5 kl/t tot 29,0 kl/t vir geprosesseerde pere en van 2,5 kl/t tot 12 kl/t vir geprosesseerde perskes gewissel het. Die besoedelingslas wat deur dié produkte gegenereer is, het 29,0 kg CSB/t vir perskes en ongeveer 13 kg CSB/t vir pere beloop. Daar is gevind dat die ooreenstemmende gesuspendeerdestofinhoud in die uitvloeisel 4,5 kg per t en 2,6 kg per t vir perskes en pere onderskeidelik beloop het.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat groot waterbesparingsprogramme intern met betreklik klein kapitale uitleg geïmplementeer kan word, en dat verbeterde waterbestuur besoedeling grootliks kan verminder deur produkstortsel en onnodige kontak tussen produk/vaste afval en water te voorkom. Twee prosesseringsfabrieke is derhalwe geselekteer vir

(Na bl. 2)

'n Loodsaanleg vir die behandeling van uitvloeisel van die vrugte- en groenteïnmaakbedryf. Die Kommissie finansier navorsing hieroor.

In dié uitgawe
In this issue

Kyk bl. 2/See p. 2

WATER ONDER DIE LOEP

(Vanaf bl. 1)



Die loodsaanleg vir die behandeling van uitvloeisel by die firma Gants in die Strand waar vrugte en groente geprosesseer word.

'n grondige studie om die minimumwaterverbruik vir elke prosesseringstap te bereken en om 'n praktykskode vir gebruik in die nywerheid op te stel ten einde water te bespaar en besoedeling te verminder.

Die ondersoek behels ook die voorbereiding van 'n praktykskode vir die voorbehandeling van uitvloeisel op die fabrieksperseel voordat dit gestort word. Om hierdie deel van die ondersoek te kan uitvoer, is 'n draagbare opgelostelug-flotasie-aanleg ontwerp en gebou wat 12 kl uitvloeisel van die nywerheid per uur behandel.

Die loodsaanleg is in twee eenhede vervaardig wat op glyspore gemonteer is. Die versadigerdeel is vir baie hoë gesuspendeerdestofladings ontwerp en alle aspekte van die aanleg is so beplan dat dit veranderinge aan die bedryfsparameters moontlik maak ten einde die ontwerpskriteria vir enige uitvloeisel te verkry. Waar moontlik is glasvesel gebruik om korrosie te voorkom, en die versadigingshouer beskik oor 'n interne harsbedekking met hoë weerstand.

Die aanleg het reeds getoon dat hierdie uitvloeisels met die minimum aan uitgawe behandel kan word. Die hele ondersoekprogram is daarop gemik om 350 Ml water/jaar oor die kort termyn en uiteindelik 1 500 Ml/j in die vrugte-en groenteprosesseringsbedryf te bespaar sonder dat die gehalte van die produk aangetas word.

In dié uitgawe
In this issue



'n Bo-aansig van die opgelostelug-flotasieenheid van die loodsaanleg hierbo uitgebeeld.

Die normale uitvloeisel met vaste stowwe by 'n vrugteïnmaakfabriek.

TEGNOLOGIEOORDRAG

In hierdie rubriek sal gereelde aankondigings verskyn van publikasies, simposia of ander gebeurlikhede met 'n praktiese inslag wat kan help om die gaping tussen navorsing en toepassing te oorbrug.

TTO

TECHNOLOGY TRANSFER

In this column regular announcements will be published of publications, symposia and other events of practical import which could contribute towards closing the gap between research and application.



Chemical removal of phosphates

Open Day at Vlakplaats

The Water Research Commission in collaboration with the Municipality of Boksburg recently arranged an open day at Boksburg's Vlakplaats Water Pollution Control Works to inform those involved with phosphate removal from sewage, i.e. city engineers and chemists, consulting engineers, government agencies, chemical and instrument suppliers, and research organizations, of the progress with the Commission's project regarding the chemical removal of phosphates from biological filter effluents.

On the 1st August 1980 legislation was promulgated for the control of phosphates in effluents: an amendment to the Water Act, No 54 of 1956, Article 21(1)(a). This legislation did not come as a surprise to local authorities since the Directorate of Water Affairs had been warning municipalities of the imminence of this legislation up to five years prior to its introduction.

A number of local authorities have made representation to the Directorate for an extension period for the introduction of processes and/or techniques to achieve phosphate reduction down to 1 mg/1 (as PO_4-P) in their sewage purification works. A number of reasons have been put forward by local authorities and even consulting engineers why extensions should be granted, *inter alia:*

- insufficient local knowledge of phosphate removal processes.
- insufficient experience on a practical scale to demonstrate the technical feasibility of such processes locally.
- insufficient time for budgeting and acquiring, installation and commissioning of facilities to remove phosphates from effluents, and
- insufficient time to train operators to run plants effectively within the legal phosphate limit.

The Directorate of Water Affairs has given serious consideration to these representations and has decided to grant extensions for a maximum period of up to five years, that is, up to the 1st August 1985. After this date all local authorities and industries which discharge to the sensitive catchment areas will have to comply with the standard.

The Water Research Commission has anticipated the need for technology for phosphate removal from effluents and already initiated research in this regard in 1973. One problem which became patently obvious is the need for locally proven technology for the chemical removal of phosphates from biological filter effluents, and consequently a project dealing

(To page 4)

TTO

(From page 3)

specifically with this aspect was launched by the Water Research Commission in July 1979. The project is being carried out in collaboration with the City Council of Pretoria, the Municipality of Boksburg and the National Institute for Water Research and will be completed this year.

The project has yielded the information required locally for the chemical removal of phosphates from biological filters. A considerable body of information on chemical phosphate removal at full scale in South Africa now exists and in order to inform those involved in this field the open day at Vlakplaats was arranged.

The open day was attended by approximately 380 persons from all over South Africa and several papers were presented by specialists in the field on the subject of phosphate removal.

Mr H Best of the Directorate of Water affairs sketched the need for chemical removal of phosphates from biological filter effluents, while Dr Herman Wiechers of the Water Research Commission reviewed the Commission's involvement in this regard. Dr KEU Brodisch of the National Institute for Water Research presented a paper on the NIWR's research activities on the chemical removal of phosphates which was followed by a review of the research and development at the Daspoort Sewage Works and at the Vlakplaats Water Pollution Control Works by Mr N Thirion of the City Council of Pretoria and Mr AS Louw, chief chemist at Vlakplaats, respectively.

Mr P Odendaal, chief adviser of the Water Research Commission, summarized the proceedings and said that the Water Research Commission's ultimate goal in financing research work was to ensure, as far as possible, the practical application of useful research results.

Vlakplaats (cont.)

The key figures behind the Open Day: (f.l.t.r.) Mr PE Odendaal (chief adviser, WRC); Dr KEU Brodisch (NIWR); Mr AS Louw (chief chemist, Municipality of Boksburg); Mr H Basson (superintendent, Vlakplaats); Mr L Ferreira (Town Clerk); Cllr C Pieters (Mayor of Boksburg); Dr HNS Wiechers (senior adviser, WRC); Mr N Thirion (City Council of Pretoria); and Mr A Gerber (NIWR).

Course

With regard to nutrient removal from biological filter effluents, Mr Odendaal said that the Commission was planning a short course on the upgrading of biological filter systems in February 1983 in Pretoria, Durban, Port Elizabeth and Cape Town. The final results of the current research programme would also be published in the form of a technical manual early in 1983.

In the field of biological nutrient removal the Water Research Commission was planning the following, according to Mr Odendaal:

- A manual on the Phoredox process for biological nutrient removal, to be available soon.
- An open day on biological nutrient removal, planned for November 1983 at the Johannesburg Goudkoppies Works.
- A manual for the planning, design and implementation of activated sludge plants for nutrient removal, expected to be ready early in 1983.



Some of the large number of visitors to Vlakplaats pictured during the tour of the Works which formed part of the Open Day.

- A short course on the theory and design of activated sludge plants for nutrient removal, planned for February 1983, probably together with a course on the upgrading of biological filter plants.
- A short course on the implementation of sewage purification processes in order to comply with the General and Special Standard, planned for February 1984.

Copies of the papers presented during the open day are available gratis from the Water Research Commission, PO Box 824, Pretoria, 0001.

Vloedskade:

NUWE VERSLAG BESKIKBAAR

In die lig van die vloede wat sekere gedeeltes van Suid-Afrika in 1974 en 1975 getref het, het die destydse Departement van Waterwese die Waternavorsingskommissie versoek om navorsing oor vloedskade te laat uitvoer ten einde:

- die metodologiese beginsels vir die identifisering en evaluering van vloedskades te ontwikkel;
- die ontwikkelde metodologie op sekere riviertrajekte toe te pas; en
- verwantskappe tussen fisiese skade en vloedomstandighede te ontwikkel.

Die Kommissie het toe navorsingsooreenkomste aangegaan ingevolge waarvan die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (ISEN) van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) van die Universiteit van Stellenbosch bogenoemde aspekte sou ondersoek. In die loop van die navorsing is die volgende verslae reeds gepubliseer:

Die navorsing is afgerond met 'n verslag waarin die riglyne vir 'n ondersoek na vloedskade uiteengesit word. Hierdie verslag ''Guidelines for assessing flood damage in South Africa'' deur DJG Smith, MF Viljoen en PH Spies, is onlangs deur die Waternavorsingskommissie vir algemene verspreiding goedgekeur. Die verslag beskryf 'n prosedure vir die uitvoering van vloedskade-ondersoeke op 'n ekonomies-wetenskaplike wyse.

Prosedures

Dit gee 'n kort uiteensetting van die ontwikkelde metodologie vir vloedskadebepalings ten opsigte van die benaderings wat vir verskillende tipes vloedskades gevolg moet word. Verder word die prosedures vir die meting van direkte vloedskades (byvoorbeeld beskadiging van geboue) en indirekte vloedskades (byvoorbeeld verlies in produktiewe mannekrag), ook verduidelik. Daar is ook 'n bespreking van die praktiese toepassing van die prosedures en probleme verbonde aan vloedskadebepalings. Verder word aanduidings gegee oor hoe die ontwikkelde verliesfunksies (wat die verband tussen fisiese eienskappe van die vloed en gepaardgaande skade gee) in toekomstige opnames gebruik kan word. Aangesien hierdie ondersoek tot die 1974- en 1975-vloede beperk was, is die verliesfunksies op hierdie stadium hoofsaaklik van toepassing op die riviertrajekte wat by die ondersoek betrokke was. Die verslag bevat ook voorbeelde van die vraelyste wat by ondersoeke van hierdie aard gebruik kan word.

Eksemplare van hierdie verslae kan by die Kommissie aangevra word. Die adres is: WNK, Posbus 824, Pretoria 0001.

- *Vloedskade in sekere riviertrajekte van die Republiek van Suid-Afrika:*
  - Deel I *'n Metodologie vir vloedskadebepaling* deur MF Viljoen en DJG Smith.
  - Deel II *Bevindings rakende vloedskades in drie riviervalleie in die Noordwestelike en Oostelike Kaapprovinsie* deur PH Spies.
  - Deel III *Bevindings rakende die 1974-vloedskades vir verskillende riviertrajekte van die Oranje-, Vaal-, Riet-, Seekoei- en Hartbeesriviere* deur MF Viljoen, JA Vos en PJ Marais.
  - Deel IV *'n Evaluering van die problematiek rondom vloedskadebepaling in die Republiek van Suid-Afrika* deur MF Viljoen, DJG Smith en PH Spies.
- *Die 1975-vloedskade vir verskillende trajekte van die Vaalrivier* deur MF Viljoen, JA Vos, DJG Smith en JW Prinsloo.

TT0

COAL MINING & ENVIRONMENT

The Chamber of Mines of South Africa has recently published *Guidelines for the rehabilitation of land disturbed by surface coal mining in South Africa.*

The objective with the publication of these guidelines is to assist mine managements to carry out their national obligations in respect of environmental protection. The guidelines have been designed around the ''best practicable means'' approach, i.e. that regard will be had to local conditions and circumstances, the cost to be involved, and the necessity and practicality of their implementation. The guidelines have also been designed in the light of present knowledge. As time and scientific and technological knowledge advance the guidelines will be updated and revisions made.

The main sections of the guidelines deal with characterising the pre-mining environment, managing and protecting water resources, spoil grading and topsoiling, revegetating disturbed land, and planning, monitoring and recording.

Anders as in Europa en die Verre Ooste waar karpboerdery grootliks sy oorsprong gehad het, is water in Suid-Afrika 'n skaars en kosbare natuurlike hulpbron wat ook die slagaar van die landbou vorm. Die snelle uitbreiding van veral Staatsbeheerde besproeiingskemas stel ook hoë eise aan die boeregemeenskap aangesien besproeiingsgronde duur is en die beskikbare water oordeelkundig toegewys moet word aan verskillende gewasse wat voortdurend afgewissel moet word. Die klassieke beginsels van visboerdery in terme van waterverbruik en damruimte beskikbaar in die geval van hierdie gronde staan dikwels in direkte kompetisie met die intensiewe verbouing van landbougewasse. Hierdie artikel, geskryf deur F de W Brandt van die Afdeling Natuurbewaring (TPA) rapporteer oor

KARP IN KANALE

In 'n poging om 'n moontlike kompromie tussen visboerdery en die intensiewe verbouing van landboukundige gewasse te bewerkstellig, is 'n navorsingsprojek deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring met die gedeeltelike finansiële steun van die Waternavorsingskommissie onderneem. Die benadering tot hierdie ondersoek is gegrond op die benutting van lopende water uit besproeiingskanale vir die grootmaak van vis waarna dieselfde waterkwota ook vir die dubbele en gelyktydige gebruik vir landboubesproeiing aangewend kan word. Sodanige intensifisering van visboerdery bring ook mee dat damoppervlaktes aansienlik ingeperk word en die hantering, voeding en uiteindelike oes van die visse vergemaklik word. Aangesien die visse in hoë digthede in die kleinste moontlike ruimte aangehou word, moet varswater voortdurend tot die sisteem toegevoeg word om afvalstowwe daaruit te verwyder en ook om voldoende suurstof aan die visse te voorsien.

Vir die doel van bogemelde navorsingsprojek is 'n eksperimentele, sogenaamde klaterkanaalvisproduksiestelsel (Eng: raceway) gevolglik aangelê by die Afdeling Natuurbewaring se Laeveldse Visserynavorsingstasie te Marble Hall wat op die Loskopdam-besproeiingskema geleë is. Die aanleg bestaan wesentlik uit 'n sewevoudig kanaal-damsisteem met 'n totale oppervlakte van minder as 0,1 ha en waar die water van die een dam (segment) na die ander oorvloei. 'n Totaal van ongeveer 14 000 karp is per eksperiment in hierdie sisteem aangehou en die visse is intensief met geformuleerde visvoerkorrels gevoer.

Die eerste produksieproewe in die klaterkanaal is gedurende 1977-1978 met 'n konstante watertoevoer van 0,028 m^3/s deur die sisteem uitgevoer. In die daaropvolgende periode van drie jaar is pogings aangewend om sekere basiese tekortkominge van die sisteem uit te skakel of ten minste te verminder om sodoende die produksiepotensiaal van die sisteem gaandeweg te verbeter.

Uit die aanvanklike ondersoeke was dit gou duidelik dat die watertoevoer na die sisteem nie voldoende is om veral genoegsame opgeloste suurstof te voorsien wat benodig word vir die optimale groei van die visse in die eksperimente nie. As gevolg van hierdie basiese tekortkoming van die sisteem is visgroeiprestasie en ook visproduksie progressief in die opeenvolgende stroomafsegmente nadelig beïnvloed. Daar is gevolglik in die tweede en derde jaar oorgegaan na bykomende meganiese belugting van die water om die suurstofpeil van die water in die produksie-eenhede op minstens 45 persent versadiging te hou. Ongelukkig is die proewe vir twee opeenvolgende jare op 'n kritieke stadium onderbreek weens die knellende droogte wat in die omgewing ondervind is en ook 'n gebrekkige lewering van water aan die sisteem tot gevolg gehad het. Heelwat visse is tydens hierdie geleenthede verloor.

Alhoewel die verlangde effek van die bykomende belugting van die water nie ten volle nagevors kon word nie en die resultate nie onderling met die vorige seisoene vergelykbaar was nie, is waardevolle inligting ten opsigte van belugting

Die klaterkanaal-visproduksiestelsel wat by die Laeveldse Visserynavorsingstasie te Marble Hall gebou is. Die aanleg bestaan wesentlik uit 'n sewevoudige kanaal-damsisteem waar die water van die een dam na die ander oorvloei.

en die manipulering van vispopulasiedigthede (deur die onwillekeurige vermindering van visgetalle) wel ingewin. Alhoewel hierdie maatreëls wel die verhoogde suurstofkonsentrasies bewerkstellig het en die gemiddelde individuele groeitempo van die visse in werklikheid verdubbel het vanaf 2,3 na 4,4g/vis/dag, was dit nogtans nie moontlik om deur middel van hierdie stappe die opbou van toksiese stowwe, veral stikstowwe en koolsuurgas, noemenswaardig te verlaag nie.

'n Verdere tekortkoming van die huidige eksperimentele klaterkanaalstelsel is dat die sisteem oor min selfreinigingsvermoë beskik en dat organiese afvalmateriale na die bodem afsak en sodoende onhigiëniese toestande vir die visse skep. In 'n poging om hierdie probleem in 'n mate te bekamp en moontlik te benut, is 'n lae persentasie filtervoedende visse soos die endemiese bloukurper en uitheemse silwerkarp saam met die gewone karp gedurende die tweede jaar in die klaterkanaal geplaas. Gesien in die lig dat hierdie visse hoofsaaklik op afvalstowwe teer en die bybesetting daarvan teen slegs 3,5 present van die totale getal visse in die eksperiment, 'n massabydrae van tot 7 persent tydens afoes gelewer het en in sommige segmente bykans 'n 10 persent besparing op die voeronkoste aangegaan per kg visvleis verteenwoordig, kan die toekomstige gebruik van vispolikultiveringstegnieke 'n nuttige bestuursmiddel wees om die voeromsettingsverhouding van die visse in die klaterkanaal te verbeter.



Die oorloopmeganisme tussen elke dam bestaan uit 'n digsluitende metaalkas aan die keerwalle wat na onder en bo oop is vir die vloei van water. Op hierdie manier word water uit die onderste waterlae onttrek. 'n Geriffelde en geperforeerde belugtingsplaat is aan die stroomafkant van die keerwalle aangebring om die oorloopwater te belug voordat dit na die volgende segment oorvloei.

Na gunstige proefnemings was die uitgangspunt gedurende die vierde jaar om 'n studie te maak van die effek van 'n verdubbeling in die tempo van watervloei deur die klaterkanaal (0,056 m^3/s) aangesien die volgehoue belugting van die water die produksiekostes aansienlik sou laat styg. Hierdie benadering was uiters suksesvol en die produksiekapasiteit van die sisteem is as gevolg van hierdie maatreël veelvoudig verhoog vanaf 5,4 tot 13,0 ton vis per seisoen en 'n besonder gunstige gemiddelde individuele groeitempo van tot 7,8g/vis/dag is in sommige kanaalsegmente gerealiseer. Hierdie resultate dui beslis daarop dat die bepaalde groeibeperkende faktore wat voorheen in die klaterkanaal werksaam was grootliks deur die verhoogde tempo van waterdeurvloei ingekort kan word.

Ten spyte van besonder gunstige voeromsettingsverhoudings van 1: 1,7 (vis : voedsel) wat van tyd tot tyd in sommige segmente van die klaterkanaal deur die loop van die verskeie proefnemings gerealiseer is, was die gemiddelde syfer egter ietwat hoër as 1:2. Aangesien die intensiewe voeding van die visse met hoëproteïenvisvoerkorrels soms so hoog as 75 persent van

(Na bladsy 8)



Visselfvoerders is in elke segment van die klaterkanaal aangebring om die hoëproteïen-visvoerkorrels aan die visse te voer. Hierdie apparaat word deur die visse op voedselaanvraag self in werking gestel en die voedsel is sodoende teoreties vir 24 uur in onbeperkte voorraad vir die visse beskikbaar. Die selfvoerder is 'n goedkoop arbeidsbesparende hulpmiddel wat relatief goeie voeromsettingsverhoudings tot gevolg kan hê.

KARP IN KANALE

(Vanaf bl. 7)

die totale produksiekoste kan beloop, is hierdie uitgawe dus van deurslaggewende belang vir die ekonomie van die onderneming. Die oordeelkundige rantsoenering van die voedsel (in die eksperimente is voedsel teoreties in onbeperkte hoeveelhede vir 24 uur aan die visse deur middel van selfvoerders beskikbaar gestel) is een moontlike manier van kostebesnoeiing terwyl groter visbesettingsgetalle 'n verdere manier mag bied om voedselvermorsing teen te werk en ook tot 'n hoër oes per volume produksie-eenheid mag lei. Die oorlewingsyfer vir die visse tydens die eksperimente het gemiddeld 80 persent beloop.

Gunstig

Vanuit 'n waterbewaringsoogpunt beskou, vergelyk die produksiesyfers in die klaterkanaal uiters gunstig met die produksievermoë van gewone visdamme indien dit in ag geneem word dat die totale wateroppervlakte van die sisteem slegs 0,1 ha is, maar omgereken na produksie per ha wateroppervlakte, 'n totale oesmassa van 115 000 kg vis/ha/seisoen gelewer is. Die berekende verlies aan water deur verdamping en wegsypeling vanaf gewone visdamme wat 'n ekwivalente visproduksiekapasiteit as die huidige klaterkanaal het, sal teoreties op sowat 110 000 kl water per seisoen te staan kom. Deur die klaterkanaalstelsel toe te pas, kan hierdie aansienlike volume water dus potensieel vir ander gebruike aangewend word.

Hoewel die bevindings uit die reeks proefnemings in die klaterkanaal tot dusver nog nie op 'n finale ekonomiese werkende eenheid dui nie en as gevolg van die volume water wat benodig word asook die patroon van watergebruik op die skema, die stelsel nie spesifiek van praktiese belang vir die Loskopdambesproeiingskema mag wees nie, is daar nietemin besondere rigtingwysende resultate verkry vir die verbetering van die sisteem wat moontlik elders tot 'n lewensvatbare onderneming mag lei.

NUWE TO-AANLEG VIR MIKONOS

'n Nuwe tru-osmoseaanleg met 'n kapasiteit van 500 m/dag is op die Griekse eiland Mikonos in werking gestel en sal drinkwater uit die Middellandse See aan die inwoners en toeriste verskaf.

Dit is die eiland se eerste truosmoseaanleg en is deur Aqua Chem van Milwaukee, VSA, gebou.

HAYWARD NUWE MINISTER VIR WATER

Sy Edele SAS Hayward, LV.

Gedurende Juliemaand is aangekondig dat mnr SAS Hayward, Adjunk-minister van Landbou en Visserye, aangestel is as die nuwe Minister van Omgewingsake en Visserye in die plek van dr CV van der Merwe wat van portefeulje verwissel het.

Sy Edele SAS Hayward, LV, is op 5 Augustus 1924 op Steytlerville gebore en ontvang sy skoolopleiding aan die Hoërskool Outeniqua op George. Hy moet sy studie aan die Universiteit van Stellenbosch staak vanweë sy vader se ernstige siekte en begin in 1945 boer.

Nadat hy vir etlike jare in 'n wye reeks komitees, rade, verenigings en direksies gedien het, word hy verkies tot lid van die SA Wolraad in 1964 en tot lid van die Uitvoerende Komitee van die SA Wolraad in 1968.

In 1971 word hy verkies tot onderpresident van die NWKV van SA en vanaf dieselfde jaar dien hy in die Algemene Raad van die SALU. In 1977 word hy lid van die Uitvoerende Komitee van SALU.

Vanaf 1966 tot 1969 was mnr Hayward lid van die Kaaplandse Provinsiale Raad en word daarna LV. Hy was ook lid van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet, ondervoorsitter van die Landboustudiegroep van die Nasionale Party-koukus en lid van die Gekose Komitee oor Besproeiingsake.

In 1950 is hy getroud met Sally Viljoen en uit die huwelik is twee seuns en twee dogters gebore.

SA Waterbulletin verwelkom graag namens sy lesers die nuwe Minister in hierdie portefeulje wat van soveel belang vir die toekoms van die Republiek is. (In die November-uitgawe maak lesers nader kennis met die Adjunkminister, mnr JWE Wiley).



WRC's WORKSHOP ON HYDROLOGICAL INSTRUMENTS

Some of the instruments on exhibition at the Hydrological Instruments Workshop recently held at CSIR Conference Centre in Pretoria. The objective of the Workshop was to increase cooperation through communication between the users and the producers of hydrological instruments.

(Below): Seen during a lighter moment of the Workshop (f.l.t.r.): Dr Dennis Hughes (Hydrological Research Unit, Rhodes University); Mr D Cousens (adviser, WRC); Dr PJT Roberts (senior adviser, WRC); and Dr AL du Pisani (Soils and Irrigation Research Institute).



Hydrological Research Unit:

Reports presented to Minister

A series of research reports produced by the Wits Hydrological Research Unit under the leadership of Professor DC Midgley were recently presented to the Minister of Environment Affairs, Dr the Honourable CV van der Merwe, by the Vice-Chancellor and Principal of the University of the Witwatersrand, Professor DJ du Plessis.

The reports *Surface water resources of South Africa* (six volumes) and *Flood occurrences in South Africa* resulted from contracts with the Water Research Commission.

Under the flood studies the principal results included the development of programmes for flood forecasting, reservoir routing and flood gate operation. Point-rainfall and large-area storm studies were also undertaken and a design flood manual for South West Africa/ Namibia was produced. The flood plain management models were updated and streamlined and urban hydrology models were developed. In thanking Professor Du Plessis and Professor Midgley the Minister said that perhaps the most valuable output of the Hydrological Research Unit was produced under the water resources project funded by the Water Research Commission and which has been consolidated in the report *Surface water resources of South Africa.*

Prof DC Midgley, former director of the Hydrological Research Unit at the University of the Witwatersrand, discussing the reports with the Minister of Environment Affairs, Dr the Hon CV van der Merwe (left), and Prof DJ du Plessis, vice-chancellor and principal of the University.

Dr van der Merwe said that in a country like South Africa, with its comparatively meagre water resources, it was vitally important to develop the means to assess the degree to which available water resources could be safely exploited, both nationally and regionally. ''We all know that water resources on a sub-continental basis are strictly limited, but when studied on a regional basis, or within the limits of inter-basis water transfers, the position is seen to be serious indeed,'' he said.

Dr van Der Merwe said that provided long-term stream gaugings at a proposed dam site were available, it was a relatively straightforward matter to determine the volume of storage needed to meet a given duty, but gaugings were seldom available at the places where storage was required and practically never at the hundreds of sites where farm dams had to be built. ''It is obviously, therefore, a great boon to have the means to establish the optimum volume of storage to meet a prescribed duty anywhere in South Africa, with due allowances for silting and for current and possible future upstream abstractions,'' the Minister said.

Dr van der Merwe said that he was pleased to announce that this six-volume report provided the data for and demonstrated the methods of handling many of these and similar problems in the field of water resources.

The Minister also paid tribute to Professor Midgley and said that the research by the Professor and his team had met with great success. Some of the Hydrological Research Unit's most notable achievements

Some notable personalities in the field of water attended the presentation ceremony. In the usual order appear Dr CF Garbers (president, CSIR and WRC member); dr JP Kriel (WRC member); Prof DJ Schoeman (dean of the Faculty of Engineering, UP, and WRC member); Minister van der Merwe; Prof Midgley; Dr MR Henzen (chairman, WRC); Prof du Plessis; and Dr PJT Roberts (senior adviser, WRC).

the Minister mentioned included the following:

- A Design Flood Manual was produced by the Unit early in its history, aimed at providing guidance to engineers in determining design values for floods from catchments anywhere in South Africa. The Manual was subsequently updated and is a standard reference for government departments.

- Largely as a result of a request by the Commission of Enquiry into Water Matters the Hydrological Research Unit carried out a survey of water resources in South Africa. The report, published in 1969, was in great demand by private and government engineers.

- The Hydrological Research Unit was also instrumental in the early use of computers to develop mathematical models of hydraulic and hydrological systems. Many important modelling studies were undertaken and these studies culminated in the well-known Pitman rainfall/runoff model which has been widely used by consulting engineers and government agencies in the Republic and in neighbouring states to facilitate the appraisal of water resources.

- A flood plain management model was developed which generated intense interest, particularly from Australia where several groups had applied the model successfully to problem flood plains.

- Resulting from a contract with the Water Research Commission, the so-called PWV-model was developed, which simulates the movement of water and salinity throughout the Vaal River water supply system. The model is currently being applied by the Directorate of Water Affairs to facilitate the identification and testing of engineering measures to improve the quality of water distributed by the Rand Water Board and of the water released to users downstream along the Vaal River.

The Minister said that the Unit had also significantly contributed to an improved hydrological expertise in the Republic. This was illustrated by the fact that sixteen masters and nine doctoral degrees had been earned by persons working in or in close collaboration with the Unit. Engineers had been seconded to the Unit by the Department of Water Affairs, the CSIR and several firms of consulting engineers, and had had the opportunity of acquiring skills in mathematical modelling.

"Sadly, the Hydrological Research Unit has now closed down after twenty two years of operation. As in the case of most university research units, the Unit was built round the expertise of one person, in this instance Professor Midgley. He has now retired and I should like to congratulate him on what he has achieved and wish him every success and happiness," the Minister said.

The University will continue its water research activities through the Water Systems Research Programme which has been established in the Department of Civil Engineering. (See *SA Waterbulletin,* May 1982).

Hydrology:

NEW RESEARCH PROGRAMME

A general view of the Ecca catchment. The research catchments are located only about 20 km from Grahamstown.

The Water Research Commission recently signed a contract with the University of Rhodes whereby the Hydrological Research Unit of the Department of Geography will conduct a new research programme on the generation of runoff, solutes and sediment in tributary catchments of the Great Fish River.

The project will run for a period of five years and the research team will be led by Dr JH (Hume) Moolman, who was recently appointed to the Hydrological Research Unit in Grahamstown. The main objective of the project is to overcome the high degree of empiricism of rainfall-runoff and hydro-salinity models currently in use in South Africa. Other aims include

- The collection of data on the principal processes associated with mineralisation, such as the natural generation, storage and transport of runoff, solutes and sediment as dynamically varying distributed processes at suitable locations in uncultivated semi-arid research catchments near Grahamstown.
- The analysis of the collected data with the view to test and improve existing hypotheses and assumptions regarding the natural processes associated with mineralisation and their interrelationships.
- The improvement of existing hydro-salinity models incorporating the improved knowledge of processes.



Dr Hume Moolman, leader of the research team.

The collected data, as well as data from any other mineralised catchments obtainable from the National Institute for Water Research, government departments and other universities will also be used to develop and test new models that will be suitable for applications of the following nature:

- Prediction of the influence of land use changes on both the hydrological and salinity regimes; for instance, the effects of the proposed scheduling of

additional irrigable areas in the middle and lower Fish, the lower Sundays and the Breede River catchments, as well as the consequences of the rapid progress of dry-land cultivation in the middle and lower Berg River catchment.

- The prediction of catchment management effects on the yield and salinity of runoff from mountain catchments where yield and especially salinity may be very important, e.g. the Little Karoo mountain catchments in the southern Cape.

- The development of a systems model for use in water resources management. This can be done by linking the hydro-salinity catchment model of the project to the Department of Agriculture and Fisheries' irrigation return flow model which they are developing for the Breede River irrigation areas.

The Hydrological Research Unit will utilize its present research catchment, the Ecca River catchment, for the project. The Ecca River catchment is a gauged research catchment of 74 km^2. It incorporates four nested gauged subcatchments varying in area from 1 km^2 to 23 km^2 situated in the Great Fish River catchment — one of the problem rivers in terms of salinity. (Concentrations in salinity in the runoff from the Ecca catchments fluctuate between 300 and 10 000 mg/1.) The vegetation is uniform over most of the catchment and the geology is uniform over about 70 percent of the area.

Well-defined tributaries as small as a few hectares inside the gauged subcatchments are common and would be extremely suitable for intensive studies of mineralisation processes, while the Ecca catchment is also in terms of climate, vegetation and geology, representative of most of the Great Fish River catchments and research results would therefore be applicable to the bigger area.

Members of the Steering Committee of the Great Fish River tributary catchments project pictured during the familiarization visit to one of the weirs in the research area.

Hydrology

NEW REPORTS

The following reports were released for general circulation on request by the Water Research Commission:

- *Hydrological investigations in the Southern Cape coastal lakes region* by DA Hughes and AHM Görgens. The report deals with the physical setting, prevailing climate and available instrumentation as well as the precipitation characteristics and rainfall-runoff relationships. It is available from the Hydrological Research Unit, Department of Geography, Rhodes University, PO Box 94, Grahamstown 6140.

- *Temperature and evaporation data for the Zululand research catchments* by AS Hope, GJ Mulder and RM Sands. This report contains processed data and is available from the University of Zululand, Private Bag, KWA-DANGEZWA, Zululand.



Die stede Johannesburg, Pretoria, Port Elizabeth en Windhoek het onlangs nuwe bekleërs in die pos van Stadsingenieur verwelkom. Op hierdie bladsye kry lesers die geleentheid om nie net die stadsingenieurs van nader te leer ken nie, maar ook om hulle menings oor hulle stede se waterprobleme in die komende dekade te verneem. Die bydraes is spesiaal vir *SA Waterbulletin* geskryf.

The cities of Johannesburg, Pretoria, Port Elizabeth and Windhoek recently welcomed new incumbents to the post of City Engineer. On these pages readers will be able not only to learn more about the city engineers, but also to obtain their views on the water problems of their cities over the next decade. The contributions have been written specially for *SA Waterbulletin.*

WATER — die stede in die toekoms / the cities in the future



Mr JA Stewart, City Engineer, Johannesburg.



Mnr DH Marx, Stadsingenieur, Pretoria.

Mr AJ Clayton, City Engineer, Port Elizabeth.



Mr BL Haussmann, City Engineer, Windhoek.

Johannesburg – and the future

Johannesburg is in the unenviable position of having no readily available natural water resources to supply its ever increasing population. It is over 400 km from its nearest sea port. Its nearest major river is over 40 km away and it has no natural dams or lakes. It depends almost entirely on its potable water supplies from the Vaal River from which it draws, through the Rand Water Board's supply network, in excess of 200 000 Ml per annum to satisfy the demands of more than 2 million people of all races.

Johannesburg will thus be in an increasingly vulnerable position as time goes on, particularly as per capita water consumption is rising with the increasing standards of living of large sections of the population and also because of the continuing expansion of the PWV area which itself also depends on the Vaal River for its water supplies. In this regard it is significant that the water consumption of Soweto increased at the rate of over 15% per annum for the period 1973/74 to 1978/79 compared with the increase of approximately 3,1% per annum for the rest of the City area over the same period.

The City thus faces the challenge of ensuring absolute minimum wastage of water supplies, and in this regard individual house metering may not necessarily be the complete answer. With the very significant assistance of the Water Research Commission, the City's wastewater treatment plants serving the two watersheds in the North and the South have made, and are continuing to make, real progress towards eventual, in the long term full scale tertiary treatment of all effluents.

Johannesburg, like the other large cities in the Republic will inevitably have to face the problems of regional water supplies following on proposals recently under discussion at central government level. Its wastewater purification plants are already regional, accepting as they do, effluents from 9 adjacent authorities. The many and far reaching advantages of a metropolitan or regional approach to the problems of transportation have adequately been demonstrated following the passing of the Urban Transport Act (Act No 78 of 1977) and the subsequent development of the various Metropolitan Transport Advisory Boards. Johannesburg was appointed the Core City for the Johannesburg Metropolitan Transport area. In the event of the establishment of regional water control, a total water management system, involving the supply and reticulation of potable water and wastewater purification and re-use will demand water expertise and management of the highest order.

These are the challenges which the city has to face in the future. Their solution will require close liaison and co-operation of many professional disciplines and as in the past, the Water Research Commission will have to play a leading role.

JA STEWART, Pr Eng

John Alan Stewart was born in Johannesburg on 1 May 1918. He matriculated at Parktown Boys High School in 1934 and obtained the degree of B Sc Eng (Civil) from the University of the Witwatersrand in 1941.

After having seen war service with the SA Engineering Corps he joined a firm of consulting engineers (FE Kanthack and Partners, now Watermeyer, Legge, Piesold & Uhlmann) and was employed as assistant engineer for a period of three and a half years.

Joining the City Council of Johannesburg he successively held the posts of assistant, principal, district, chief roads engineer; then became chief construction engineer, and senior deputy city engineer before being appointed to his current post.

Mr Stewart, Pr Eng, C Eng, MICE (London), FI Mun Engs SA, M Inst WPC, FSAICE is a past chairman of the Johannesburg Branch of the SA Institution of Civil Engineers; past member of the council of the SAICE, and of the executive committee and educational and training committee; member of the sectoral advisory committee on civil engineering of the economic planning branch of the Office of the Prime Minister; member of the professional advisory committee on civil engineering of the SA Council for Professional Engineers.

He is married with two daughters.

Pretoria – en die toekoms

Die stad het tans 'n gemiddelde waterverbruik van 300 000 m^3/dag met 'n piekwaterverbruik van meer as 400 000 m^3/dag. Die normale groeitempo is ongeveer 4% per jaar wat beteken dat in die jaar 2000 die verwagte verbruik ongeveer 600 000 m^3/dag kan wees.

Pretoria is tans vir ongeveer 80% van sy waterbehoefte van die Randwaterraad afhanklik en sal in die toekoms in 'n groter mate daarvan afhanklik wees, aangesien sy eie bronne, te wete die Rietvleidam-watersuiweringswerke en die dolomitiese fonteine aan die suidekant van die stad, beperkte moontlikhede vir uitbreiding bied. Die Randwaterraad-wet verbied ook Plaaslike Besture wat verbruikers is, om verdere eie bronne te ontwikkel sonder dié Raad se toestemming.

RIETVLEIDAMSKEMA

Die Stadsraad het reeds in 1928 'n dam in die Hennopsrivier gebou asook 'n watersuiweringsaanleg.

'n Konstante lewering van 18 000 m^3/dag word van hierdie

(Na bl. 16)

WATER – en die toekoms

(Vanaf bl. 15)

bron verkry maar dit kan moontlik verdubbel word.

'n Ondersoek is reeds aan die gang om die moontlikhede van uitbreiding van die suiweringswerke vir optimale benutting te bepaal.

DOLOMITIESE FONTEINE

Hierdie fonteine wat grotendeels aanleiding gegee het tot die stigting van die stad waar hy vandag is, is vanselfsprekend 'n baie ekonomiese bron wat met min voorafbehandeling aan die verbruikers gelewer kan word. Die maksimumlewering is egter afhanklik van die langtermyn reënvalpatroon en die lewering van sekere van die fonteine het al gewissel van ongeveer 14 000 m^3/dag na 'n langdurige droogte tot 30 000 m^3/dag na goeie reënjare.

Dit is dus duidelik dat Pretoria self nie veel kan doen om die toekomstige waternood die hoof te bied nie. Deur gereelde vooruitbepalings te maak en aan die Randwaterraad te voorsien word die liggaam in staat gestel om vooruitbeplanning te doen ten opsigte van verdere toevoer na die stad in ooreenstemming met hulle beleid.

Die aandag word tans toegespits op die aanvulling van watervoorsiening aan die sentrale stadsgebied en ander groeipunte waaronder die inlywing van sekere buitestedelike gebiede ook 'n moontlikheid is.

'n Verdere probleem wat besig is om kop uit te steek is die ernstige tekort aan geskikte vaklui vir die bedryf en instandhouding van die voorsieningstelsel. Baie min geskikte jong mense tree toe tot hierdie uiters noodsaaklike ambagskorps.

As gevolg van die algemene tekort van water in die Republiek en in die besonder drinkwater, wat in die voorsienbare toekoms verwag word, sal die volgende waterbesparingsmaatreëls in Pretoria steeds dringend oorweeg en waar moontlik geïmplimenteer word:

- 'n Premie op die watertarief vir oormatige verbruik.
- 'n Premie op die watertarief vir verbruikers buite geproklameerde dorpe.
- Ondersoek na metodes om verbruik te beperk sonder onaanvaarbare verlaging van lewenstandaarde.
- Beter benutting van gesuiwerde rioolwater.
- Aanmoediging van hergebruik van water deur nywerhede.

DH MARX, Pr Ing

DH Marx is op 11 Mei 1922 in die distrik Viljoenskroon, OVS, gebore. Hy matrikuleer te Greykollege, Bloemfontein en behaal die grade B Sc en B Sc Ing Siviel aan die Universiteit van Stellenbosch in 1946 en 1948 onderskeidelik.

Na graduering tree hy in diens van die Stadsraad van Pretoria waar hy gedurende die afgelope 33 jaar in elke onderafdeling van die Stadsingenieurs-afdeling vir 'n korter of 'n langer tydperk werksaam is. Sedert 1969 is hy Hoofingenieur van onderskeidelik die Onderafdelings Riolering, Ontwerp, Watervoorsiening en Skakelwerk, waarna hy bevorder word tot Adjunk-stadsingenieur (Werke) op 1 April 1980 en tot Stadsingenieur op 1 Mei 1982.

